

Suiderkruis

'n Gemeente vir Oud en Jonk



ONDER ONS 2022

Redaksie: Ds Coenie Calitz, Elize van Niekirk,
& Hester de Beer
Posbus 5253, Kockspark, 2523
Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

13 FEBRUARIE 2022

DAGBOEK

VANDAG

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Nagmaal (ds Coenie)
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Uitreik

DINSDAG

18:00 Fondsinsamelingsvergadering
(alle belangstellendes welkom)

SONDAG 20 Februarie

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens (ds Coenie)
09:00 Kinderkerke
09:00 Reguitstraat 13+
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Belysel 2022
18:00 Foyerdien (aanlyn)



GEBEDSLYS

Hospitale in die afgelope week:

- Sonette Coetzer

Intensiewe kankerbehandeling:

- Nelia Neethling
- Wanda Steyn

Ander voorbidding:

- Bid vir die beroepingsproses en dat die Here vir ons die regte leraar sal stuur en bevestig.



UITNODIGING

In die afgelope twee tot drie weke het ons gesin se lewe dramaties verander. Die redelik-voorspelbare lewe van amper 26 jaar het skielik verander in 'n baie onvoorspelbare tyd van ons lewe. In die volgende dae moet ons ons werk hier afhandel, huis regmaak en verkoop, werk soek vir Tersia, 'n trek reël vir alles wat ons het, saam met Corniël soek na 'n meer vaste inkomste en verblyf, vir onself 'n klein woonstelletjie in die Kaap soek waar ons kan bly tot ons huis verkoop is, ens. Ek het nooit kon dink dat 'n verskuiwing so uitdagend sou wees nie. Maar na amper 27 jaar in die bediening besef ek ook dat ek dalk mense oorgeslaan het vir wie ek moes besoek of dat ek selfs wetend of onwetend op iemand se tone getrap het. Ek sal graag wil regmaak waar ek iemand iets skuld – laat weet my groot asb. Groete, **-Coenie**



DIE PAD VORENTOE

'n Spesiale kerkraadsvergadering is gehou op 1 Februarie waarby 'n pre-advieskommissie aangewys is om die vakature wat op 1 April ontstaan, te bespreek. Die pre-advieskommissie bestaan uit die volgende lede: Marius Dippenaar (voorsitter), Jan van Wyk (leier-ouderling), Gerda Jansen (leier-diaken), Antoinette Vosloo (finansies), Sarel Cilliers (visionêr), Anton Nel (jeug), Roelf van Aswegen (eiendomme), Wendri Eloff en Jolene

Steenkamp (kundiges) en myself. Elke vergadering word van ringskant af ook bygewoon deur ds. Marius de Beer (Grimbeekpark). Die kommissie het die vakature soos volg omskryf:

Gemeenteprofiel:

Suiderkruis Gemeente is tans 65 jaar oud en geleë aan die Suidekant van Potchefstroom. Ons het tans ongeveer 750 lidmate en 103 doop-lidmate. 'n Groot deel van ons lidmate is bo die ouderdom van 60 jaar. Ons bedien ook ongeveer 100 Afrikaanssprekende kinders van die Abraham Kriel kindershuis. Die gemeente se visie is "Lewe en liefhê in God se wêreld" en ons wil graag groei in ons missionêre kerkwees. Die gemeente het 'n unieke bedieningstyl en erediensstyl ontwikkel en ons wil graag verder groei hierin. Jeug, jong volwassenes, volwassenes en bejaardes lê ons na aan die hart.

Leraarsprofiel:

Die ideale kandidaat moet 'n geordende NG Kerk leraar wees, verkieslik tussen die ouderdom van 30-40 jaar wees en oor minstens 5 jaar bedieningservaring beskik. Hy/sy moet lief wees vir die Here asook vir mense van alle ouderdomsgroepe. Hy/sy moet beskik oor natuurlike leierseienskappe en bewese bestuursvaardighede ten einde die personeelgroep en die gemeente te lei. Dissipelskap, eredienste, lof en aanbidding (musiek), prediking, gasvryheid en 'n passie vir alle ouderdomsgroepe is vir ons baie belangrik.

Ander vereistes:

Rekenaarvaardigheid en die gebruik van tegnologie in die bediening; uitsonderlike aanbiedingsvaardighede; passievol teenoor medemense in nood. Ondervinding in musiekbediening sal tot voordeel wees. Die kerk van Christus leef in uitdagende tye, daarom benodig ons 'n leraar wat nuut kan dink oor ons roeping as kerk in 'n moderne tyd en in veranderende gemeenskappe.

Die sluitingsdatum is 27 Febr 2022 en alle aansoeke wat ontvang word sal na die sluitingsdatum gesif word deur 'n werkskomitee waarna 5-6 kandidate uitgesoek sal word vir 'n onderhoud. Waarskynlik sal twee of drie kandidate uit die ses kandidate genooi word vir persoonlike onderhoue ens – hierdie werkswyse sal in die volgende twee weke vasgemaak word.

Wil jy nie asb vir die volgende weke ook elke dag hiervoor bid nie. Vra vir die Here om die regte persoon vir ons te stuur en dit duidelik aan ons te bevestig.

Alle voorstelle en insette kan gestuur word aan oom Marius Dippenaar by:

vakature@suiderkruis.com

Die volledige bekendstelling is beskikbaar by:

https://kerknuus.com/ads2022/suiderkruis_feb2022.htm of op ons Facebook-blad.

Groete,

- ds Coenie

TYDSRAAMWERK

Hier is 'n voorlopige tydsraamwerk vir die tyd wat voorlê:

- 27 Mrt: Afskeidsprek en demissie (ds Coenie)
- Einde Maart: beroeping van nuwe leraar na Suid.
- 10 Apr: Intreepreek in Onrusrivier Gemeente
- April & Mei: Ds Terence Cooke neem leiding in Suid totdat nuwe leraar bevestig word – na alle waarskynlikheid teen 1 Junie 2022 (of soos ooreengekom).

Kom ons vat in hierdie tyd hande en droom saam, werk saam en bid saam ter wille van hierdie spesiale gemeente ... **-ds Coenie**

VERJAARSDAGHOEKIE

Vandag: Erus Hefer, Johni Steenkamp, Anton van Vuuren, MJ van Zyl

14 Februarie: Johannes Brits, Gerda Casley, Adam Engelbrecht, Carina Grobbelaar, Frans Marx, Juané Schoeman, Mariska v Wyk

15 Februarie: Nelia Neethling, Rosemary van Wyk, Phlippie Viljoen

16 Februarie: Martie Grobbelaar (**84 jr**), JP Beukes, Kobus van Zyl, Chris Viljoen

17 Februarie: Tommie Botha, Elmari Lemmer

18 Februarie: Mari-Lize Ackerman, Tersia Calitz, Shannon Hefer, Kobus van Schalkwyk

19 Februarie: Harriette Fourie

NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. - **Elize**



DROOMHUIS

Baie dankie aan Lois Sauer wat so gereeld ons mense van Droomhuis by Witrand gaan besoek. Met elke besoek is daar natuurlik ook 'n wenslysie.

Skenkings van koffie, tee, melk en suiker kan gerus by Jacoba Ras of die Kerkkantoor kan afgegee word.



AS DIT DONKER IS OM MY Moenie 'n front voorhou nie

Ek is die man wat ellende belewe het. Die Here het my met Sy toorn geslaan. Hy het my laat loop op 'n pad sonder lig. -Klaagliedere 3:1-2

Jeremia is 'n profeet wat nie doekies omdraai wanneer dit sleg gaan met hom nie. Hy gaan kla by die Here oor elkeen van sy ellendes. Op die ou end ontdek Jeremia dat hy met gerustheid op die Here kan bly hoop, al lyk sy omstandighede ook

hoe duister. “Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan Sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot,” getuig hy in vers 22-23.

Wat sê jy as die mense wil weet hoe dit met jou gaan? “Goed dankie,” alhoewel dit eintlik nie so goed gaan nie?

Christene hoef nie 'n front voor te hou nie. Ons mag maar erken wanneer dit by tye minder goed met ons gaan Geloof beteken nie om altyd te sê dit gaan goed nie. Inteendeel, 'n oop, eerlike verhouding met God beteken juis dat jy mag maar praat oor

jou krisisse Dan bring dit genesing, soos 'n dokters eers 'n pitsweer moet oopsny voordat dit gesond kan word.

Ten slotte mag jy, soos Jeremia, weet dat krisisse en swaarkry nooit die laaste woord het in 'n Christen se lewe nie. Die God in wie jy glo se liefde vir jou is onveranderlik. Sy ontferming vir jou is elke môre nuut. Daarom mag jy vandag, te midde van jou probleme, op God bly hoop. Hy sal weer vir jou uitkoms gee.

Hemelse Vader, dankie dat ek op U kan bly hoop en aan U beloftes kan vashou, al voel dit vir my ook ek ook soos Jeremia aan die loop is op 'n pad sonder lig. Amen

-Nina Smit



Lees
Johannes 2:1-11

JESUS VERANDER WATER IN WYN

Maats, soek die volgende woorde waar hulle tussen al die ander letters wegkruip:

- | | |
|------------------|-------------|
| Bruilof | Swakker |
| Klipkanne | Opraak |
| Seremoniemeester | Bruidegom |
| Wyn | Volgemaak |
| Water | Wonderteken |
| Kelners | Heerlikheid |
| Skep | Geloof |
| Liter | Jesus |

B	G	E	M	S	K	G	O	H	E	A	I	B
F	I	R	K	E	L	N	E	R	S	K	G	P
J	S	K	B	R	U	I	D	E	G	O	M	B
V	O	L	G	E	M	A	A	K	T	F	A	L
L	N	I	F	M	V	D	N	W	A	M	T	N
A	B	P	U	O	Y	B	R	U	I	L	O	F
G	I	K	R	N	D	I	S	Y	R	W	P	I
B	L	A	W	I	H	G	K	J	G	Y	R	B
W	O	N	D	E	R	T	E	K	E	N	A	L
A	K	N	Y	M	Y	E	P	S	L	U	A	G
T	M	E	V	E	L	Y	O	F	O	H	K	L
E	D	S	J	E	S	U	S	Y	O	V	M	I
R	P	A	U	S	U	Y	B	W	F	P	A	T
J	A	T	H	T	F	O	U	F	S	B	P	E
A	M	K	O	E	K	S	W	A	K	K	E	R
E	H	E	E	R	L	I	K	H	E	I	D	H

